

# Geskiedenis van Suid-Afrika

VOORTREKKERREEKS.



S. F. N. GIE.

# Geskiedenis van Suid-Afrika



OF

## Ons Verlede

DEUR

**DR. S. F. N. GIE,**

Sekretaris van Onderwys

Voorheen Professor in Geskiedenis  
aan die  
Uniwersiteit van Stellenbosch.

**DEEL I, — 1795.**

*Met 'n Hoofstuk*

*oor die*

*AARDRYKSKUNDE VAN SUID-AFRIKA*

*deur*

*Dr. P. SERTON,*

*Professor in Aardrykskunde*

*aan die*

*Uniwersiteit van Stellenbosch.*

**TWEDE DRUK.**

STELLENBOSCH :  
PRO ECCLESIA-DRUKKERY, PASTORIESTRAAT.

1928.

***Die Voortrekkerreeks Skool-handboeke.***

*Onder Redaksie van*  
***Dr. E. C. PIENAAR.***

---

***Kopiereg Voorbehou.***

---

# INHOUDSOPGAWE.

---

Voorwoord.

## BOEK I.

**Die Beskawing op sy lang Ompad van die Mond van die Nyl na die Kus van Suid-Afrika.**

HOOFSTUK I: *Die Beskawing en sy Eerste Uitbreiding.*

|                                     |     |
|-------------------------------------|-----|
| § 1. Die Beskawing                  | 3—4 |
| § 2. Die Bakermat van ons Beskawing | 4—5 |
| § 3. Die Trek na die Noord-Weste    | 5—6 |
| § 4. Ons Voorouers                  | 6—7 |
| § 5. Die Middeleeue                 | 7—9 |

HOOFSTUK II: *Die Groot Ontdekkings.*

|                                   |       |
|-----------------------------------|-------|
| § 1. Die Renaissance              | 10—12 |
| § 2. Die Portugese as Baanbrekers | 12—14 |
| § 3. Die Omseiling van Afrika     | 14—15 |
| § 4. Die Seeweg na Indië gevind   | 15—20 |

HOOFSTUK III: *'n Eeu van Portugese Opperheerskappy.*

|  |       |
|--|-------|
| § 1. Die Portugese op Reis na Indië                        | 21—22 |
| § 2. Die Portugese aan die Kus van Suid-Afrika             | 22—25 |
| § 3. Die Historiese Betekenis van die Portugese Skipbreuke | 25—26 |
| § 4. Die Portugese in ons Noordelike Binneland             | 26—28 |
| § 5. 'n Blik in die Toekoms                                | 28—30 |

## BOEK II.

**Die Fondament vir 'n Beskaafde Europese Samelewing in Suid-Afrika word gelê.**

HOOFSTUK I: *Engelse en Nederlanders kies die See.*

|  |       |
|--|-------|
| § 1. Voorafgaande Gebeurtenisse en Aanleidende Oorsake | 31—36 |
| § 2. Nederlanders en Engelse seil om die Kaap          | 36—39 |
| § 3. Engels-Nederlandse Organisasie en Konkurensie     | 39—44 |

INHOUD.

|   |       |
|---|-------|
|   | bls.  |
| HOOFSTUK II: <i>Die Suidhoek van Afrika vir die Europese<br/>Beskawing diensbaar gemaak.</i>        |       |
| § 1. Waarom die Nederlanders en die Engelse<br>ons Kus nie vermy het nie                            | 45—46 |
| § 2. Die Omgewing van die Kaap word gereeld<br>besoek   | 46—47 |
| § 3. Die Oorgang tot 'n Permanente Neersetting  | 47—50 |
| HOOFSTUK III: <i>Jan van Riebeeck en sy Tydgenote.</i>  |       |
| § 1. Jan van Riebeeck se Voorgeskiedenis en<br>sy Reis na die Kaap                                  | 51—53 |
| § 2. Die Geboortedag van Suid-Afrika in<br>die Ontwikkelingsgeskiedenis van die<br>Nederlandse Volk | 53—55 |
| HOOFSTUK IV: <i>Die Kaap, 'n Beamptepos (1652 — 1656).</i>  |       |
| § 1. Die Voorgeskrewe Taak  | 56—57 |
| § 2. 'n Swaar Begin   | 57—58 |
| § 3. Koers Gekry  | 58—62 |
| § 4. Die Onopgeloste Kosprobleem  | 62—63 |
| § 5. Die Vleiskwessie   | 63—67 |
| § 6. Die Koringkwessie  | 67—69 |
| HOOFSTUK V: <i>Die Kaap word 'n Kolonie (1657 — 1662).</i>  |       |
| § 1. Die Eerste Vryburgers  | 70—73 |
| § 2. Die Naturellekwessie   | 73—78 |
| § 3. Regering en Koloniste  | 78—83 |
| § 4. Die Laaste jare van Jan van Riebeeck se<br>Regeringstyd  | 83—87 |
| HOOFSTUK VI: <i>Die Interim tussen Jan van Riebeeck en Simon<br/>van der Stel (1662 — 1679).</i>    |       |
| § 1. Kommandeurs en Goewerneurs   | 88    |
| § 2. Die Buiteland  | 88—91 |
| § 3. Die Naturel  | 91—93 |
| § 4. Kolonisasie  | 93—95 |
| § 5. Konstitusionele Ontwikkeling   | 95—97 |
| § 6. 'n Kykie Agteruit en Vorentoe  | 98    |

INHOUD.

BOEK III.

'n Eeu van Groei en Uitbreiding (1679 — 1779).

DEEL A.

GROEI EN WOELING (1679 — 1707).

|              |  |         |
|--------------|--|---------|
|              |  | bls.    |
| HOOFSTUK I:  | <i>Simon van der Stel (1679 — 1699).</i>                 |         |
| § 1.         | Simon van der Stel en sy Famielie                        | 101     |
| § 2.         | Kolonisasie tot 1687                                     | 101—104 |
| § 3.         | Konstitusionele Ontwikkeling                             | 104—107 |
| § 4.         | Die Buiteland  | 107—110 |
| § 5.         | Die Hugenote in Suid-Afrika                              | 110—114 |
| § 6.         | Naturelle en Reise                                       | 114—117 |
| § 7.         | Die Laaste jare van Simon van der Stel se Bewind         | 118—120 |
| HOOFSTUK II: | <i>Willem Adriaan van der Stel (1699 — 1707).</i>        |         |
| § 1.         | Voor die Storm   | 121—124 |
| § 2.         | Die Verset van die Burgers                               | 125—128 |
| § 3.         | Teenmaatreëls van die Goewerneur                         | 128—134 |
| § 4.         | Die Val van Willem Adriaan van der Stel                  | 134—136 |
| § 5.         | Wese en Betekenis van die Stryd                          | 136—139 |
| § 6.         | Gevolge van die Stryd                                    | 139—140 |
| § 7.         | Die Kaapse Samelewing aan die Begin van die Agtiende Eeu | 140—150 |

DEEL B.

DIE EERSTE GROOT TREK (1707 — 1779).

HOOFSTUK III: *Rustige Arbeid en Stille Uitbreiding (1707 — 1751).*

|      |  |         |
|------|--|---------|
| § 1. | Die Buiteland  | 152—156 |
| § 2. | Goewerneurs en 'n Man van Betekenis  | 156—158 |
| § 3. | Die Ekonomiese Grondslag van die Kaapse Samelewing                         | 158—166 |
| § 4. | Kolonisasie en Uitbreiding   | 166—172 |
| § 5. | Die Kerklike en Konstitusionele Fondament waarop die Uitbreiding berus het | 172—174 |

INHOUD.

|  |         |
|--|---------|
|  | bls.    |
| <b>HOOFSTUK IV: <i>Die Gees van die Agtiende Eeu.</i></b>                      |         |
| § 1. Die Pruiketyd   | 175—178 |
| § 2. Die Engels-Franse Konflik   | 178—183 |
| <b>HOOFSTUK V: <i>Die Derde Kwart van die Agtiende Eeu in Suid-Afrika.</i></b> |         |
| § 1. 'n Goeie Goewerneur   | 184—185 |
| § 2. Reëls en Regulasies   | 185—186 |
| § 3. Ekonomiese Bloci  | 186—187 |
| § 4. Die Binneland   | 187—189 |
| § 5. Die Uitbreiding vind sy Afsluiting onder 'n nuwe Goewerneur               | 190—192 |

**BOEK IV.**

**Die Begin van die Rewolusionêre Tydperk, 1779 — 1795.**

|   |         |
|---|---------|
| <b>HOOFSTUK I: <i>Die Eerste Skokke en 'n Rustyd (1779 — 1791).</i></b> |         |
| § 1. Nuwe Idees   | 194—198 |
| § 2. Die Amerikaanse Vryheids-oorlog                                    | 198—204 |
| § 3. Politieke Woeling onder die Suid-Afrikaanse Koloniste              | 205—211 |
| § 4. Tien Vet Jare, 1781 — 1791, — die laaste Opflukking                | 211—215 |
| § 5. Die Eerste Botsing met die Bantoe                                  | 215—221 |
| <b>HOOFSTUK II: <i>Die Groot Ineenstorting in Europa.</i></b>           |         |
| § 1. Die Voorgeskiedenis van die Franse Omwenteling                     | 222—226 |
| § 2. Die State-Generaal en Nasionale Vergadering                        | 226—230 |
| § 3. Die Wetgewende Vergadering   | 230—234 |
| § 4. Die Nasionale Konvensie  | 234—236 |
| § 5. Die Skrikbewind  | 236—240 |
| § 6. Frankryk kom tot Inwendige Stabiliteit                             | 240—242 |
| <b>HOOFSTUK III: <i>Die Groot Ineenstorting in Suid-Afrika.</i></b>     |         |
| § 1. Ekonomiese Bankrotskap   | 243—248 |
| § 2. Die Politieke Débaacle   | 248—251 |
| § 3. Die Verowering van die Kaap  | 251—253 |
| § 4. Slot   | 253—254 |

|  |         |
|--|---------|
| <b>Die Aardrykskundige Grondslag van ons Geskiedenis</b> | 257—276 |
|--|---------|

## VOORWOORD.

---

### Die Afbakening van ons Werk.

---

Het ons al daarvoor nagedink dat as ons van die *Geskiedenis van Suid-Afrika* praat, ons 'n heeltemal ongewone betekenis aan die woord *Suid-Afrika* gee? Ons verstaan dan nie meer daaronder die land self nie; want dit sou veronderstel dat die geskiedskrywer moet nagaan, hoe ons berge en vlaktes geword het wat hulle vandag is, hoe ons riviere hulle rigting en ons kus sy afbakening gekry het, en miskien ook hoe ons plante en bome ontstaan en ontwikkel het. Dit alles val egter buite sy bestek. Daarvoor moet geoloë, plantkundiges en ander natuurvorsers inligting verskaf.

Waar begin dan ons werk en waar hou dit op?

Iemand sal miskien antwoord: die studieveld van die Geskiedenis is die verlede van die mensdom. As dit waar is, dan sou ons in hierdie geval moet begin met die eerste redelike wesens wat in Suid-Afrika geleef het, en ons sou die lotgevalle moes nagaan van al die rasse wat hier gewoon het of nog woon. In die eerste plek is dit natuurlik nie moontlik nie. Ons weet selfs nie wie die eerste bewoners van Suid-Afrika was nie. Die skerp-gemaakte klippe, wat hulle in duisende nagelaat het, toon wel aan dat hulle op 'n baie primitiewe ontwikkelingstrap gestaan het, maar wie sal dit waag om met sulke gegewens hulle geskiedenis te skrywe? En ons kennis van die Boesmans, Hottentots en Kaffers is ook te beperk daarvoor! Hulle afkoms is duister, van hulle lotgevalle vóór die ontdekking van die Kaap weet ons feitlik niks, en hulle geskiedenis, selfs na die tyd is in baie opsigte onseker en onvolledig.

Ons moet dus ons taak nog verder inkrimp, en ons het ook die reg daartoe. Die ongeletterde en barbaarse mensemassas van die wêreld is by uitstek die wetenskaplike arbeidsveld van etnografe en etnoloë; die historikus, daarenteen, bepaal hom veral by die beskaafde volke. Sy hoofdoel is om die hedendaagse beskawing uit die verlede te verklaar, en daarom mag en moet hy hom grotendeels tot die draers van dié beskawing bepaal.



## VOORWOORD.

Ons kan dus sê dat onder die *Geskiedenis van Suid-Afrika* moet verstaan word die *Geskiedenis van die Europese beskawing in Suid-Afrika*. Binne hierdie duidelike omlyning sien ons nou ons werk voor ons lê, maar laat ons daarby ook gewaarsku wees teen 'n te beperkte opvatting daarvan. Suid-Afrika, aardrykskundig beskou, is wel nie ons ondersoekings-terrein nie, maar die natuurkragte en natuurverskynsels, waaraan die aardrykskunde sy aandag gee, het 'n geweldige invloed op die geskiedenis ook van ons beskawing uitgeoefen. Van ons land self, met sy wye vlaktes en hoë bergreekse, met die winde wat daaroor waai en met die see wat sy kus bespoel, sal ons gedurig moet kennis dra, en ons sal duideliker leer insien hoe ons stoflik en geestelik in hom gewortel is. "Kinders van Suid-Afrika" noem ons ons met trots, maar verstaan ons ook wat die woorde beteken? Verder moet begryp word dat ofskoon die grootste gedeelte van die ontwikkeling van die Naturel buitekant ons studie val, hy die Europese beskawing hier voortdurend beïnvloed het en langsamerhand ook daarin opgeneem word. En eindelik wil ons met nadruk daarop wys dat dit onmoontlik is om met die Beskawings-Geskiedenis van Suid-Afrika in Suid-Afrika te begin, of om buiten rekening te laat die kontak wat altyd bestaan het tussen die witman in sy nuwe geboorteland en die ou kultuurkringe oor die see.

### Die Doel en Waarde van ons Studie.

Party mense meen dat die Geskiedenis alleen geleer en geles moet word om vaderlandsliefde aan te kweek, en hulle vind die idealisering van helde en heldedade uit die eie volksverlede daarvoor besonder diensbaar en geskik. Daarby kom dan nog dat, aangesien oorloë altyd 'n groot indruk op die menslike gemoed maak, die oorloë van die verlede dik onderstreep word en aan die vegters die ereplek op die historie-rolle afgestaan word. Nou is dit seker waar, dat "die helde van die voorgeslag" met hul "dade wat soos donder slaan" ons harte vinniger laat klop, ons wilskrag vir die diens van ons volk versterk en ons gedagtes 'n hoër vlug laat neem; en in Suid-Afrika, waar die beskawing dikwels bedreig is, somtyds in 'n stryd op lewe en dood, deur 'n byna onstuitbare vloed van woeste heidendom, en waar 'n eie inheemse kultuur met moeite en worsteling gebore word, is dit goed begryplik dat die Geskiedenis veel van oorlog en wrywing moet gewag maak. Die stemme uit ons verlede dus, wat van stryd en individuele heldhaftigheid getuig, mag nie versmoor word nie; hulle sal ons leer om Suid-Afrika, wat deur hulle dapperheid ons land geword het en waarvan ons na liggaam en gees 'n deel is, lief

## VOORWOORD.

te hê en te dien. Maar naas hierdie geweldige tone is daar ander stemme, minder duidelik en hoorbaar, waarvoor ons ore moet oopgemaak word, want in hulle, nie minder gebiedend as in die strydrop van 'n held nie, spreek die verlede ook tot ons, en hierdie sagte fluisterings wat oor ons vlaktes suis, openbaar miskien die diepste waarheid en waarde van ons geskiedenis.

Laat ons dit ophelder.

Ons woon hier in 'n heerlike land, hard as hy die stryd aanbind, maar ook gasvry en vriendelik — nes die volk wat hy dra. Ons lewe in 'n rustige en ordelike staat, waar 'n ruime mate van maatskaplike en politieke vryheid aangetref word. Ons volk is, betreklik gesproke, welvarend en gesond. Al dié dinge vorm ons erfenis uit die verlede. En nou kom twee vrae: Aan wie is ons die erfenis verskuldig, en hoe moet ons dit aanvaar? By die beantwoording van die eerste vraag sal ons natuurlik dink aan die groot en bekende figure, helde van die daad en van die woord; maar terwyl ons hulle die eer gee wat hulle toekom, sal ons ook in herinnering moet bring die ongenoemde duisende, die breë volksmassas, ons direkte voorouers, wat deur geslagte heen, dag na dag, hulle eenvoudige pligte nagekom het. Hulle werk, hulle hooghou van die eer van die witman, hulle moed en geduld en vryheidsin is dit veral gewees, wat 'n Suid-Afrika aan ons gegee het, waarin ons gelukkig en vry en, in die beste sin van die woord, ryk kan wees.

“Erf'nis van hul moed en trou  
is die grond waarop ons bou,  
juigend tot die hemelblou:  
Vryheid! Vryheid!”

Dit is byna nie nodig om hierna nog na 'n antwoord op die tweede vraag te soek nie. Wie in hierdie gees die Geskiedenis beoefen, sal wel die waarde daarvan besef en met dankbaarheid die erfenis van die vadere aanvaar; maar 'n paar ophelderinge is miskien tog nog wenslik.

As die studie van ons vak alleen gaan uitloop op sentimentele of grootpraterige bewondering, dan het ons nog nie ver gevorder nie. Die Geskiedenis moet 'n besielende invloed uitoefen, dit moet geesdrif wek, maar dié geesdrif moet 'n duidelike doel hê. Ons kan die tweede vraag in 'n ander vorm herhaal: Welke lewensdoel stel die Geskiedenis voor ons? Laat ons weer aan ons groot erfenis dink, maar dit nou beter omskrywe as ons plek in 'n beskaafde samelewing. Geen-een van ons staan los in die wêreld nie. Na alle kante toe om ons heen is bande wat ons bind en pligte wat ons roep, pligte teenoor die gemeenskap wat

## VOORWOORD.

ons nie mag ontwyk nie, omdat die gemeenskap ook ons regte vir ons verseker. Deur menigvuldige bewuste of onbewuste verhoudinge tot die Famielie, die Kerk, die Staat, ens., word ons lewe en werk, ons vooruitgang en plesier, selfs ons besit, moontlik gemaak; maar ook hierdie verhoudinge en die voordele en verantwoordelikhede wat met hulle saamhang, is erfgoed. Ons hele beskaafde lewe is die resultaat van voortgesette koöperasie vanaf die vroegste tye; ons pluk die vrugte van die gesamentlike arbeid van die hele verlede.

In hierdie gekompliseerde samelewing, in hierdie doolhof van persoonlike en maatskaplike pligte en regte, moet ons ons weg vind, en daarby is die Geskiedenis 'n leermeesteres wat ons nie alleen sal vermaan nie, maar wat ons ook inligting sal gee. Met die grootste beslistheid sal sy aan ons sê dat elke burger van 'n beskaafde land sy lewe moet inrig, nie volgens die eise van 'n kleinsielige en kortsigtige selfsugtigheid nie, maar met sy oog ook gerig op die welsyn van die gemeenskap en op die toekoms, — veral omdat so veel van wat hy miskien as sy eien- dom beskou, aan hom toevertrou of deur hom geërf is. Verder sal sy hom daaraan herinner dat die groot volkserfenis, 'n deel waarvan in sy hande berus, deur inspanning versamel is, en dat hy dit dus aktief in ontvangs moet neem. Die selfsugtige of lui mens mag nie oor vaderlandsliefde en die roemryke verlede van sy volk saampraat nie; hy het sy geboortereg vir 'n bordvol lensiesop verkoop. Na hierdie vermaning sal die Geskiedenis dan die ingewikkelde verhoudinge, waardeur die enkeling omring is, in hulle wording en ontwikkeling, d.w.s., in hulle mees begryplike vorm, aan hom openbaar en hom laat lig sien waar vroeër duisternis vir hom was.

Wie die Geskiedenis uit hierdie standpunt en met sulke verwagtings wil bestudeer, stel 'n hoë doel voor hom; wie onderneem om hom deur die skrywe van 'n boek daarby behulpsaam te wees, aanvaar 'n moeilike taak. Ons is intussen daarvan bewus dat hierdie werkie, as gevolg van sy beperkte omvang alleen, — om van ander gebreke en tekortkominge nie te praat nie, — die hoë doel, waarna die skrywer ook as student streef, nie kan benader nie. Ons vertrou egter dat dit daartoe sal bydra om die raad van Oom Gert in Leipoldt se groot gedig 'n vaste plek in die onderwys van die Geskiedenis in Suid-Afrika te gee:

“ . . . . . Dis nooit te laat nie om daarvan  
Te leer en van gebruik te maak, veral  
Vir julle, jong'ling-mense. *Hou maar vas*  
*Aan wat ons het, en staan orent, en neem*  
*Jul aandeel aan ons nasie.*”

VOORWOORD.

Dáár is op slot van sake die lewensdoel wat die Geskiedenis aan ons gee:

*Ons aandeel aan ons nasie neem!*

En langs dié weg dan ook, die weg wat deur die woorde: "Begin te Jerusalem," aangedui is:

*Ons aandeel aan die groter kultuurwêreld, waartoe juis ons burgerskap van 'n eie beskaafde staat ons toegang verleen!*